BEROEPENUUS– (25 Augustus 2013)
Beroepe ontvang
Dr. JA Erasmus van Odendaalsrus na Empangeni
Beroepe bedank
Ds. AB van der Walt van Lichtenburg na Koster

FOTO-PROJEK—U is al geruime tyd bewus van sr Muriel van der Dussen wat ons help deur foto's te neem. Die doel is dat ons mekaar moet ken en vir mekaar in die gemeente omgee. Daar is lidmate wat gesê het dat hulle vir haar foto's elektronies gaan aanstuur dan hoef sy hulle nie ook af te neem nie. Ons wil graag almal wat dit wil doen daartoe aanmoedig. Die adres waarheen u dan die foto's kan stuur is **muriel@muriel.co.za.** Ander wat nog afgeneem moet word meld asb. by sr Muriel aan…

GEMEENTEKAMP– Ons jaarlikse gemeentekamp vind DV. hierdie jaar 20-22 Sept. 2013 plaas. Ons wil dit naby Pretoria hou by Mopani-lodge. Al die gegewens is op die kennis-gewingbord. Die kostes is duidelik uiteengesit. Kom ons skryf ons name op van wie almal saamgaan. As daar enige onduidelikheid, probleme of hulp is wat u verlang om die kamp by te woon kan u oudl. Boere Smith kontak– 0834823303. Ons is dankbaar vir die reëlings wat br. Boere en die kommissie klaar getref het. Ons maak dit vir hulle makliker en voltooi solank ons inskrywings en doen ons inbetalings. Merk net duidelik *Gemeentekamp*

WAT BETEKEN DIE KERK VIR U – JA Breytenbach- *Vervolg van verlede week*
Of anders: as die tekens van Woord-, sakraments- en 'n vorm van tugbediening gevind word, al ontbreek die gehoorsaamheid aan Christus by baie lidmate, mag dit nooit kom tot 'n punt waar jy die kerk valse kerk noem nie. Die kerk waarin jy gebore en gedoop is, staan jy nie teen nie. Die vrede (nie die vrede van die ware leer nie) word ten alle koste in die kerk (die totaal van al die gemeentes) bewaar. Geen gemeente mag ook daarbuite gaan staan nie. Want dan word daar met die kerk gebreek. Daar is ruimte vir 'n verskeidenheid van teologiese uitgangspunte, dit kan in die verskillende gemeentes uitgeleef word, dit mag net nie die vrede in die kerk versteur nie. So is daar beswaardes wat gereformeerd wil wees, maar dit is 'n vryblywende saak, dit kom nooit tot 'n kerkkeuse op geloofgrondslag nie.
Word vervolg

Vandag– George Jacobz 0764085026	30/08– Annatjie van Wyk 0823751354
Vandag– Divan le Roux 0828181472	31/08– Willem du Plooy (jr.) 0822115097
Vandag – Nandor Sarkady 0723655078	31/08– Amiré Riekert 0844877287
29/08– Johannes van Heerden 0827677639	01/09– Marius Coertze 0820578400
29/08– Salome Saayman 0832351387	01/09– Dawie de Bruin 0832593772
29/08– Annatjie von Stade 0799578119	01/09– Koos van der Linde 0726915555
30/08 Quintus Plomp 0747158341	*Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur*

Baie geluk m met u verjaarsdag

Jy kan nie met skoon hande modder gooi, nóg met n reine mond gif spoeg nie–
CJ Langenhoven

Die Krugertjie

25 Augustus 2013

Gereformeerde kerk Pretoria(d)
www.gkpretoria.org.za OF
www.gk-pretoria.weebly.com
Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp
0123262290 (8h00-13h00 Weeksdae)
E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks:0123265287
Skriba:Oudl. Andries du Plessis 0123268154
Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar
012- 3233194
Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745
Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106
Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

EERSTE EREDIENS–(9h00)
(Nagmaal)
Skriflesing: Mattheus 16:1-12
Teks: Mattheus 12:12; Johannes 6:47-51
Sing: Ps. 118:12; Ps. 25:3; Ps. 99:1,5; Ps. 23:3; Ps. 116:1,4; Ps. 128:3,4

GEESTELIKE HONGER

Hoe dikwels moes Jesus nie die verkeerde sieninge van die dissipels regstel nie ! Hier was Hy weer besig met die Fariseërs se leer, wat die volk eintlik honger gelaat het. Dikwels lees ons dat Hy die volk beween het oor die toestand waarin hulle was.
1.Behep met sensasie. Hulle het wel `n ernstige verlange na die Verlosser gehad, maar het Sy werk verkeerd verstaan. Die Fariseërs het hulle nie reg geleer nie.
2.Honger na die ware brood. Soek na die Gewer en moet nie net by die gawes bly nie. Wees aan Hom gebind.
Gedenk vandag weer só die werk deur Hom gedoen, dat hierdie gewyde oomblikke nie by ons ook verbyaan nie.
KATKISASIE– Geen katkisasie vandag

TWEEDE EREDIENS–
(Nabetragting)
Skriflesing: Deuteronomium 8:1-18
Teks: Deuteronomium 8:18
Sing: Ps. 19:1; Ps. 71:1,2; Ps. 46:1

GEDENK DANKBAAR

Om `n oomblik stil te word om te dink oor dinge wat verby is, is algemeen. Daarom het volke, verenigings – elke ding in die samelewing – dae waarop gedenk word. Hoe gedenk ons egter op geestelike vlak ? Kyk wat het Israel se "gedenk" ingehou.
1.Beproewing op die woestynpad. Die volk het tussen twee mylpale gestaan en staan voor Kanaän weer op so `n punt.
2.God se doel daarmee. God het hulle gevoed . . . op geen gewone manier nie.
Hy beproef elkeen op sy eie manier, "om te weet wat in jou hart is."

LITURG– Ds. HT de Villiers– Ons verwelkom ds. Hennie vanoggend weer hier in ons midde. Ons is dankbaar dat hy vanoggend die Woord en die Nagmaal aan ons gaan bedien.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by http://bit.ly/XmtQM2
Eredienste in klank kan geluister word http://bit.ly/TettoI
Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee. Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by http://bit.ly/12P9mzH

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012– 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 10 en 11
Ouderlinge: Ulbe de Ronde en Andries du Plessis
Diakens: Nico Venter en Stephan du Plessis

Volgende Sondag (01/09) – Wyke 12 en 14
Ouderlinge: Boere Smit en Flip Minnaar
Diakens: Bernard Vorster

DRA *MEKAAR* SE LASTE EN DEEL *MEKAAR* SE VREUGDES... .

Oudl Jan Fanoy is in Die Wilgers hospitaal na die groot operasie wat Dinsdag plaasgevind het. Ons is dankbaar dat hy ná ernstige komplikasies deur die Here daardeur gedra is. **Sr Amelia Boshoff** het 'n groot rugoperasie ondergaan. Sy is in Eugene Marais hospitaal. Ons bid haar op die stadige pad van herstel volkome genesing toe. **Br. Kallie Tromp** word na sy gesondheidte-rugslae volle herstel toegebid. Na groot te-rugslae is hy van Kalafong weer na Weskoppies. **Br Piet van der Kooi** se gesondheid is nie goed nie. Hulle het verskuif na Fleurenville, waar hy nou tuis versorg word. Ons dink aan hom en sr Nelie en die familie in hierdie sware tyd. **Br Dries de Ridder** is ons dankbaar om van wonderlike beterskap te hoor. Ons bid dat dit so mag voortduur. **Br Lemmie v/d Linde,** van Upington het tye terugslae in sy gesondheid wat met asbestose verband hou. Ons vertrou dat die Here hom in sulke dae krag mag gee. **Sr Hester van Vuuren** wat swak is en baie dae groot ongemak moet verduur word aan die ge-nadetroon van die Here opgedra. **Br Willie Buys** ondergaan tans mediese toetse en behandeling vir kwaadaardigheid by hom teenwoordig. Ons gebed is dat die Here hom in die tyd krag en genade mag skenk. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewinge. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. . **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig – kliniek. Ons dink ook aan haar.

ZAMBIë– VOERTUIG

Met groot dankbaarheid teenoor die Here het hierdie fondsinsameling van ons gemeente in die kerkverband amper sy R82000 kerf bereik Ons poog om 'n verdere R50 000 te verkry vir die bediening en sending-werk in Zambië. n Voertuig is dringend noodsaaklik. Die harte en hande in die gemeente wat ook hiermee kan help word versoek om dit oop te maak as dit vir u moontlik is. Die brief vir u en die kerkverband kan gelees word by die volgende skakel.
http://bit.ly/105wmGY
As u gelde hiervoor kan gee, moet u dit in die kerk se bankrekening inbetaal. Merk net duidelik saam met u naam dat dit bestem is vir Zambië voertuig.

SPYSKAART VIR ETE NA NAGMAAL VANDAG

Herderspastei of hoenderpastei. Gemengde ertjies en wortels, Pampoenkoekies/ poffertjies/tert, Broodjies botter en konfyt. Bestuur bring nagereg en vla.
Ons sien daarna uit om weer so saam as gemeente heerlik te kuier en te eet.

KOLLEKTE

Vandag: **1ste diens** **2de diens**	Paul Kruger kinderhuis DVB	Emeritaat Instand-houding
01/09/2013 **1ste diens** **2de diens**	DVB DVB	Zambië Instand-houding

Spes.-kollektes in die vooruitsig gestel

Op Sondag 15 Sept. 2013 word DV 'n spes. kollekte vir die Gerf Kerk Uitenhage by die deure opgeneem waar die gemeente baie swaarkry.

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
10/09	Finans-en Advies vergd
12/09	Kerkraadsvergd
17/09	Klassis-vergd Daspoort
20/09	Skole sluit
20-22/09	Gemeentekamp

BYBELVERTALING 80 JAAR GELEDE

Op 25 Aug. 2013 (vandag) om 17:00 sal by die Senotaafsaal (Voortrekkermonument) 'n feestelikheid wees vir die herdenking van die 80ste jaar van die eerste Afrikaanse Bybelvertal-ing. Die diens word gelei deur prof. Cas Vos en daar sal gepraat word oor dié Bybelse invloed op die kultuurlewe

SUSTERS EN PAUL KRUGER-KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kinderhuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.
Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

MEINTJESKOP-GHOLFDAG

Volle besonderhede op kennisgewingbord aangebring.

DIE EVANGELIE: MATTHEüS

Vervolg van verlede week

MATTHEüS 5:9

Veel meer skou die gelowige siel na bo. Met sy oë op die HERE, verander hy van ge-daante en hy neem toe in heerlikheid. Die volmaaktheid daarvan kom wanneer ons die saligheid betree. Ons sal kinders van God wees en die naam waardig wees. 1 Joh 3:2,3 – "Ons weet dat ons, as Hy verskyn, aan Hom gelyk sal wees, omdat ons Hom sal sien soos Hy is. Elkeen wat die hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is." Sy Naam sal op ons voorhoofde wees (Openb 22:4).

Hulle sal die voorregte van kindskap van God ontvang (Joh 1:11ev, 1 Joh 3:1 en Rom 8:16-17). As Christene voorregte prysgee ter wille van vrede, sal hulle meer terug ontvang: die volle voorregte van hulle verhouding met God. Die saligheid is voltooi ! "Mag die Here ons deur en in die verheerlikte Middelaar hierdie aanskouing gee, en mag Hy ons hierdie naam gee !"

5:10-12

Vervolg

Die woord is gebruik om te dui op die jag van wilde diere, of mense wat as vyand agtervolg word. Vervolging was baiemaal die lot van ge-lowiges. Die vervolgde Christen bly vas in die geloof, al verloor hy selfs alles. Dit is nie net liggaamlike leed by vervolging wat bedoel word nie – ook die belediging en valse beskuldiging is deel daarvan (geestelike leed). Die vyandskap van die wêreld sal gevoel word, want die gelowiges is anders as ander. Sommiges sal meer as ander ly, die martelare, "wat hulle geloof beseël het met die prys van hulle bloed." Abel was die eerste, en selfs Sagaria word in die Nuwe Testament genoem (Matt 23:35). Jesus noem ook die profete. Maar ook hier by Jesus staan die martelare van die toekoms. Die saligheid is vir almal be-doel wat op enige manier smaad moet dra vir Hom. Deur woord en "ruwe daad" sal dit oor hulle kom.

Totius wys daarop dat daar binding van gewetensvryheid sal wees, belediging. So het Dawid ook gekla oor die gif van adders op mense se lippe (Ps 140:2,4,5). 1 Petr 4:14 vertroos ook: "As julle beledig word oor die Naam van Christus, is julle gelukkig, omdat die Gees van die heerlikheid van God op julle rus."

Ter wille van die geregtigheid

Dit sal die oorsaak wees van die vervolging: Liefde vir die Wet van God. Daardeur kom botding met die wêreld, "wat `n ander wet en reël het." Hulle wandel nie volgens die wet van die vlees nie.

Om My ontwil

Wie die geregtigheid liefhet, het Christus lief. Vervolging twv die geregtigheid is vervolging twv Hom. Deur Jesaja troos die HERE ook die regverdiges (Jes 51:5,7), en Hy vermaan hulle: "Wees nie bevrees vir die smaad van mense en skrik nie vir hulle skimptaal nie." In die profesie van Jes 50:6,7 word Christus se smaad gestel, wat Hy twv ons sou kom ly: "My aangesig het Ek nie verberg vir smaadhede en bespuwing nie. Maar die Here HERE help My; daarom kom Ek nie in die skande nie."

In die verdra van die leed, volg ons Jesus na. "Hy is een en lotgemeen met Christus."

Baie Christene ly nie ter wille van Christus nie, maar as gevolg van eersug, geaardeid, ens. [sondes teen die Wet van God.] Salig is die wat vervolg word nie ter wille van onsself is nie, maar vir Christus. Sý saak, en nie óns saak nie, moet die oorsaak van die woede wees.

So het die profete gely ter wille van die Woord en hulle getuienis. Hulle het gely vir die Waar-heid. So gaan dit: die wat swyg, word met rus gelaat. Andersins storm dit om hulle en kom daar vervolging. Hoe getrouer die getuienis, hoe swaarder die lyding.

Swyg ons daarom liewer ? Ontwyk ons eerder die smart ? Net as die Woord soos `n vuur in ons brand, praat ons. Niks laat ons swyg nie. Daarvoor gee Jesus die troos: Salig is julle . . . al word julle as "afskraapsel en uitvaagsel" beskou.

God tel en weeg anders as die wêreld. Sukses en populariteit is niks, "hoera's en bravo's glad nie." Hy eis net trou, waaragtigheid, standvastigheid – tot die dood.

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Aug. 1888– Oprigting Staatsdrukkery; *2 Aug. 1778*– Erasmus Smit geestelike leier van Voortrekkers gebore; *3 Aug. 1853*– Eerste Alg Kerkvergd op Potchefstroom; *3 Aug. 1863*– Erasmus Smit oorlede ; *4 Aug. 1688*– Derde skip met Franse Hugenote vertrek uit Nederland; *5 Aug. 1866*– Ds. Dirk Postma bevestig as predikant van Burg-ersdorp; *8 Aug. 1881*– Teruggawe van Transvaal deur England; *10 Aug. 1783*– Geboortedag van Louis Trich-ardt; *13 Aug. 1901*– Kmdt. Kalman Lion Cachet sneuwel; *18 Aug. 1665*– Eerste vaste predikant ds. Johan van Arkel kom in Kaapstad aan; *20 Aug. 1653*– Eerste doopbediening aan die Kaap deur ds. Johannes Backerus; *24 Aug. 1572*– Barthomeusnag; *25 Aug. 1688*– Aankoms van eerste Franse Hugenote, *27 Aug. 1933*– Eerste Afri-kaanse vertaling van die Bybel in gebruik geneem; *28 Aug. 1887* Jopie Fourie gebore